

U V PERS U

nuus
ditaba
news
2/2005

BEREIK SAAM / ACHIEVE TOGETHER

Cover photos by Stephen Collett



PORTRAITS OF KOVSIE WOMEN - DIVERSITY IN FEMININITY



Amprelike publikasie van die Personeelunie van die Universiteit van die Vrystaat
Official publication of the Personnel Union of the University of the Free State
Phatlalatsa ya Semmuso Mokgatlo wa Basebetsi ba Yuniversithi ya Freistata

Chrysalis
advertising & publishing

Design and layout of

- Annual Reports
- Newsletters
- Brochures
- Flyers
- Folders
- Logos
- Posters
- Banners
- Rollout Banners
- Large format posters

7 Stegmann Str, Universitas, BFN 9301
Tel 082 728 4860, Fax 051 522 1695

SNELMARK

Wil u vinnig iets koop of verkoop of sommer net u besigheid adverteer? Doen dit dan hier!

Lede adverteer gratis en nie-lede betaal R50 per advertensie.

Die Raammeester lewer kwaliteit raamwerk teen spesiale pryse aan UV-personeellede. Skakel 051-522 0312 saans.

Maak van video's! Alle personeel en departemente wat hierdie soort dienste benodig, skakel 082 720 9779 vir die beste kwaliteit en puik diens.

Amabile Stryktrio se musiek maak u huwelik of funksie onvergeetlik. Groot verskeidenheid – klassiek, troumarse, temas uit musiekblyspele, Irish, ens. Skakel 051-436 4280 saans.

BUCHU & ROOIBOS: 40 saksies @ R12 (met gesondheidseienskappe).
KANKERBOS & ROOIBOS: 40 saksies @ R12 (met gesondheidseienskappe).
Skakel Pieter saans by 522-8717 of 083 625 4703.

Kovsiewas: Was en stryk teen lae pryse. 051-430 6474/401 3214

Stephen Collett, amptelike kampusfotograaf, is oorkant Van Schaik op Thakaneng Brug. Sel 083 276 8123 / X2891.

Stephen Collett, the official campus photographer, is opposite Van Schaik at Thakaneng. Cell 083 276 8123 / X2891.

Hierdie Nuusbrief is saamgestel deur die UVPERSU- kantoor, in samewerking met die Uitvoerende Dagbestuur. Photos/Foto's: Stephen Collett

Menings wat gelug word, weerspieël nie noodwendig dié van die samestellers of van UVPERSU of die UV nie.

UVPERSU ke eng?

UVPERSU ke yunione eo ha jwale e bopilweng ka basebetsi ba tsa thuto le basebetsi ba mosebetsi o akaretsang ba Yunivesithi ya Freistata.

UVPERSU ke yunione e kgothatsang le ho kopanya ditho tsa yona hore e se ke ya eba boramurusu le ha e le ho straeka. E sireletsa le ho tsitlallela ditlhoko le ditababelo tsa ditho tsa yona, ka mokgwa wa ho buisana le ho ba molemong wa mekga yohle e amehang.

Maikemisetso

- Ho nnetefatsa hore basebetsi bohle bao e leng ditho tsa UVPERSU ba fumana tshwaro e ntle tikolohong ya mosebetsi.
- Ho aha metjha ya dipuisano tsa ka hare (mahareng a ramosebetsi le ditho, mmoho le dihlopha tse ding).
- Ho thea dikamano le tekatekano mosebetsing.

Theo

- UVPERSU ke mokgatlo wa basebetsi pele. Ka lebaka leo, metjha ya puisano le mekgatlo yohle e a amohelwa, e le hore ho be bonolo ho kopana le ditho hore ditlhoko le ditababelo di fihlelwe.
- UVPERSU e hlokomela dikamano tsa merabe yohle ya ditho tsa yona, mme e tla hlokomela ka mehla ditlhoko tsa ditho.

UVPERSU-adres en -telefoonnommers:

Flippie Groenewoud-gebou 2D, Interne posbus 95, Telefoon: 401 2366 of 083 3990896 of 6087 (verkorte nommer vir kampusoproep) E-pos: lombarda.rd@mail.uovs.ac.za

UVPERSU website:

Engels: http://www.uovs.ac.za/support/uvpersu/E_01_uvpersu.php

UVPERSU-webwerf

Afrikaans: http://www.uovs.ac.za/support/uvpersu/A_01_uvpersu.php

Inhoud/Contents

- 1 Anita gesels met...
- 2 Secretarishoek
- 3 Wat sê die wet
- 4 Uit die voorsitterstoel
- 4 Signing of agreement a milestone in trade unionism
- 5 Roervink
- 7 UVPERSU fokus op Kovsievoorigting en -ontwikkeling
- 9 Politieke transformasie aan die Universiteit van die Vrystaat
- 10 UFS academics from the Faculty of Law prominent in London
- 10 Kovsie Adult Education Centre
- 11 Portraits of Kovsie women
- 12 Personalia potpourri
- 14 UVPERSU kuier op Paradys
- 15 Kovsies se 7de Laan—"claim to fame"
- 18 Uit die hart / From the heart
- 20 Employment equity
- 21 UVPERSU agenda



Anita chats to...

A man of many skills and languages...

Frans Masisi is a Kovsie. He is an icon of our time and really does justice to diversity and multiculturalism on campus.

Monna wa dineo le dipuo ...

Frans Masisi ke "le-Kovsie" la sebele. Ke mohale wa dinako tsa rona mme o etsa toka diphapanong tsa merabe le setso mona kampaseng (Yunivesithing).

Is there someone out there who doesn't know Frans Masisi? Hallo! Dumela! Frans Masisi and his Sesotho classes are household names on the UFS main campus!

Frans Masisi has more people skills than most people I know. He is friendly, always willing to help and one of the best-dressed men on campus. He is a tower of strength for his family, and his colleagues respect his loyalty and his work.

Want to know more about this extraordinary man? Read further...

Who is Frans Masisi and when did your relationship with the UFS start?

I am a happily married man and have four children, two boys and two girls. The oldest boy, Sechaba, is studying B.Soc.Sc; the second daughter, Lerato, is in grade 12; the third one, Motshidisi, is in Grade 8, and the youngest one is in the crèche during the day. My wife is a self-employed seamstress.

I started working at the UFS in 1980, as a messenger at the Provisioning Division. At that stage I only had standard 8, and my goal was to obtain a degree or diploma. So I had to study while working, and it was not always easy. I obtained diplomas and at the end of this year I will be completing my B.A.

I am currently an Administrative Officer at CHESD. I really enjoy working here with all my wonderful colleagues.

How important is multilingualism in the UFS environment?

It is important in a way that when a black person greets a white person in Afrikaans, and a white person is able to respond in Sesotho, this creates a warm environment within the UFS.

With multilingualism, the UFS will be able to give real meaning to words such as reconciliation and respect for the diversity of languages and cultures.

Any interesting hobbies?

I enjoy reading books about health, love, marriage, and religion.



Kovsies is a diverse campus. What can we do to better understand each other's needs and fears? How can we overcome stereotypes and prejudices?

I think we can achieve this by developing an attitude of openness and willingness to learn more about each other's culture and background.

My aim is to develop a cultural course in the near future. This will teach white people more about black culture.

You are involved in Kovsie adult education. How important is quality assurance of services at the UFS to you?

The UFS started the Kovsie Adult Education Centre in 1995. I was the first educator at

the Centre which had 42 illiterate learners. Some staff members were unable to read or write their names, but now they can.

Because of the Kovsie Adult Education Centre some of our colleagues have even been admitted as UFS students.

Frans, what is your dream for the Kovsie campus of the future?

To see equality at all levels of management. To hear white people speak Sesotho in the corridors.

I hope to see future workshops for black workers to be held in Sesotho. Both the UFS and these workers will benefit greatly, because the workers will understand what is required of them in these workshops.

Secretarishoek

Die eerste UVPERSU-Nuusbrief uit my hand het in November 1999 die lig gesien en die rubriek *Secretarishoek* is toe gebore. In daardie einste nuusbrief vertel ek van die Karooplaas, *Secretarishoek*, uit my kinderjare. In 'n hele paar uitgawes daarna het *Secretarishoek*, sy huidige base, my swaer en suster en die ander inwoners sterk ge-“feature” en is daar vele vergelykings getref tussen situasies op die plaas en situasies in die UVPERSU-kantoor! So vra my goeie vriendin sedert skooldae en UVPERSU-ondervoorsitter, Esta Knoetze,

my nou die dag wanneer ek dan weer oor *Secretarishoek* skryf. Hier kom dit, Esta!

Op *Secretarishoek* woeker 'n klomp mense en diere uit die “aangewese” groepe om die plek soos 'n geoliede masjien te laat loop! In die skaapkrake werk 'n wit vrou en swart plaaswerkers skouer aan skouer! Tot die profiele van die skape en melkbokke lyk goed! Die meerderheid is natuurlik ooie en wat betref kleur, wissel dit tussen bruin, wit of swart, wit en swart of wit en bruin! Lammers met “gestremdhede” is soos “royal game” en as hanslammers kry hulle spesiale behandeling in die plaashuis, wat 'n totaal “gestremd-vriendelike” gebou is!

Since the beginning of 2005, many important things regarding equity and transformation happened on campus. A new equity policy was adopted and approved by Council. Faculties are expected to develop their own equity plans. A Transformation Task Team was also formed. General feelings on campus vary between cautious optimism and intense fear of job loss and discrimination based on the colour of a person's skin.

What do we really want to achieve from employment equity plans? Compliance with the sections of the relevant act? Of course! But also what is most important is fairness to all, including people in non-designated groups. It is hoped that we will also create a high-quality working environment free from barriers to certain groups and free from discrimination on the basis of race, gender, skin colour and many more, as stipulated in what is called the most advanced constitution in the world.

Employment equity plans are, in my opinion, highly sensitive and complex issues which should be handled with the necessary care and expertise or the University can end up in the Labour Court, like so many other companies after they had made fatal “mistakes”.

UVPERSU as representative union can play a major role in establishing a workplace free of unfair discrimination. How can we achieve such a goal? By being the “discrimination watchdog” on campus. Your union's office is just a few yards or a phone call away. If you suspect unfair discrimination, feel free to contact us and we will tend to your concern.

Pretoria Portland Cement (PPC) has recently been named the best company to work for in 2005. An article about the company is available from the UVPERSU office and can also be read on the UVPERSU website. Hopefully the UFS management will take note of what it takes to be an excellent company to work for. Among the criteria used to determine whether a company is a workplace worth mentioning are aspects such as job satisfaction, management style, communication, trust and work relationships, training and development, empowerment of the workforce as well as corporate values and culture. Management, it is up to you to decide whether you are complying. If not, then do something or take time to find out why some of your employees experience their workplace as negative.

Sterkte vir die res van die jaar!
UVPERSU-groete
Anita



Wat sê die wet...



Strikes and lock-outs

Definition of a strike

A **strike** is defined in the Labour Relations Act 66 of 1995, section 213, as “the partial or complete concerted refusal to work, or the retardation or obstruction of work, by persons who are or have been employed by the same employer or by different employers, for the purpose of remedying a grievance or resolving a dispute in respect of any matter of mutual interest between employer and employee, and any reference to ‘work’ in this definition includes overtime work, whether it is voluntary or compulsory.”

Protected strikes

The Constitution and the Labour Relations Act give employees the right to strike and, provided that they comply with procedural requirements according to certain sections in the Labour Relations Act, the strike will be a **protected strike**. Deviations are possible in specific circumstances. These are dealt with in the Act.

Employees may not be dismissed for taking part in a **protected strike**, but the employer is under no obligation to remunerate these strikers. Employees who are paid in kind, regarding for instance accommodation, may request payment and this should not be discontinued during the protected action.

A **protected strike** is not a delict or breach of contract, but employees engaging in vandalism, assault or intimidation during a protected strike, may be criminally and civilly liable. Employees’ misconduct during a protected strike can lead to dismissal,

provided a procedurally and substantively fair process is followed.

Even protected strikes can effect employers’ businesses to such an extent that employees may be retrenched as a result of the strikes. The retrenchment process must be procedurally and substantively fair.

Unprotected strikes

An **unprotected strike** is not in compliance with statutory requirements. Employees may be dismissed for engaging in an unprotected strike, provided that the dismissals are procedurally and substantively fair.

Prohibited strikes

Prohibited strikes are absolutely prohibited by the Labour Relations Act and are applicable to eg. employees employed in essential services and designated maintenance workers. Section 65 of the Act deals with prohibited strikes.

Secondary strikes

Section 66 of the Labour Relations Act 66 of 1995 describes a **secondary strike** as follows: “Secondary strike means a strike, or conduct in contemplation or furtherance of a strike, that is in support of a strike by other employees against their employer but does not include a strike in pursuit of a demand that has been referred to a council if the striking employees, employed within the registered scope of that council, have a material interest in that demand.”

Secondary strikers who comply with statutory requirements have the same protection which is afforded to protected strikers. To be procedurally fair, two requirements must be met: the primary strike must be a protected strike and the secondary employer must receive at least 7 days written notice of the secondary strike.

Picketing

Picketing is a peaceful demonstration without firearms, authorised by a registered trade union, in support of a protected strike or in opposition to a lock-out. A picket may be held outside the employer’s premises or if the employer grants permission, inside the premises.

Protest action (stay-away)

Protest action (stay-away) is permissible if it complies with statutory requirements. In the Act it is defined as “the partial or complete concerted refusal to work, or the retardation or obstruction of work, for the purpose of promoting or defending the

socio-economic interests of workers, but not for the purpose referred to in the definition of a strike.”

There are certain procedural requirements that must be complied with (section 77, subsection 1, Labour Relations Act):

Every employee who is not engaged in an essential service or a maintenance service has the right to take part in protest action, if the protest action has been called by a registered trade union or federation of trade unions and the registered trade union or federation of trade unions has served a notice on NEDLAC stating the reasons for the protest action and the nature of the protest action. NEDLAC, or any other appropriate forum in which the parties concerned are able to participate in order to resolve the matter, must consider the matter. At least 14 days before the commencement of the protest action, the registered trade union or federation of trade unions must serve a notice on NEDLAC of its intention to proceed with the protest action. Dismissals in case of non-complying actions must be procedurally fair.

According to the Labour Relations Act, a service is a **maintenance service** if the interruption of that service has the effect of material physical destruction to any working area, plant or machinery.

An **essential service** is defined in the Labour Relations Act as a service which interruption would endanger the life, personal safety of the whole or any part of the population, the Parliamentary Service and the South African Police Service.

Lock-outs

Lock-outs (as defined in section 213 of the Labour Relations Act) are an exclusion of employees from the workplace by an employer to attempt to compel the employees to accept a demand in respect of a matter of mutual interest between the parties, whether or not the employer breaches those employees’ contracts of employment in the course of or for the purpose of that exclusion. The same requirements and procedures applicable to strikes, apply to lock-outs, with the necessary changes.

References:

Labour Relations Act 66 of 1995

Landis, H *Employment and the Law* Juta 2003

Du Plessis JV, Fouche MA, Van Wyk MW *A Practical Guide to Labour Law 5th ed.* Butterworths 2002

Uit die voorsitterstoel

Die reg om jou sê te sê!

“Kinders moet gesien word en nie gehoor word nie”; “’n Toe mond is ’n heel mond”; voeg boonop die Calvinistiese etiket van onderdanigheid daarby en ons is tjoepstil! Dit geld net wanneer ons in die publiek is en waar ons gehoor kan word, maar o wee, wag totdat ons tussen vriende is, dan maak ons die sluise oop.

Na ’n paar jaar in derdevlakpolitiek en amper net solank in vakbondbedrywighede, kan ek nie anders as om benoud te voel oor die algemene onbetrokkenheid van ons historiese ‘wit groep’ nie. Waar is ons sosiale verantwoordelikhede? Waarom so apaties as dit by die sake van die dag kom, soos “BEE”, transformasie en “equity”? Waar is ons jong mense en hoekom is daar nie ’n kwota vir gholfspelers nie?

To call someone or something a racist is a potent moral condemnation. Interestingly, only a white person can be a racist and it appears that a black person is above this moral condemnation. Is this why we accept e.g. “Black Taxi Operators Association”, “Black Lawyers Association”, “Black Scientists Association”, etc. Will these associations accept e.g. a “White Businessmen’s Association”? Discrimination or exclusion cannot be part of a champion nation and one should really question these groupings.

Ons moet weer leer hoe om debat te voer en dinge wat saak maak op die tafel kry. Samehangend hiermee is ons plig om ons leiers tot verantwoording te roep en minstens hulle eerlik te hou vir die salarisse wat hulle verdien. Ons gemeenskap het

feitlik oornag in vier vlakke verdeel, d.i. baie arm, oorleef net, redelik welaf en baie welaf. Munisipale bestuurders, rektore, en uitvoerende direkteure van publieke instellings het oornag deel van die baie welaf groep geword. Hulle verdien dit waarskynlik, maar waarom word hulle nie op hulle tone gehou nie?

My leermeester het eenmaal opgemerk dat sy oupa die volgende aan hom gesê het: “Staan regop, kyk die persoon in die oë en sê jou sê.” Raak betrokke en sê jou sê.

’n Historiese mylpaal in UVPERSU se bestaan was die onlangse ondertekening van ’n samewerkingsooreenkoms met Nehawu. Dit beteken dat ons meer as 70% van die werkers verteenwoordig en Nehawu se Vrystaattak het aangedui dat die ooreenkoms ook geld vir die Qwaqwa- en Vista-takke. Ooreenkomste soos hierdie is op respek en vertroue gegrond en dit is ’n skande om te dink dat ons steeds net waarnemerstatus in die UB het, desondanks vele versoeke vir volle lidmaatskap. Dit is vir ons onaanvaarbaar, want ons wil ons sê laat tel – immers praat ons namens 70% van die personeel.

Maar soos “Duuweltjie” van F&T onlangs die wêreld met net mans geskilder het, weet ek darem nie, want

“The weaker sex is actually the stronger sex, because of the weakness of the stronger sex for the weaker sex.”

Johan U. Grobbelaar
Voorsitter

Signing of agreement signified a milestone in trade unionism

On 11 April 2005 an agreement was signed which signified a milestone in trade unionism in higher education. UVPERSU and Nehawu (UFS branch) reached an agreement to co-operate, and the parties agreed to work together concerning remuneration, service agreements and fringe benefits in University structures. The different trade unions stay autonomous concerning trade union matters, membership fees, trade union facilities and representation in UFS committees. As a result of the agreement, the two trade unions now form a majority in terms of representation on campus. Locally and nationally, in terms of universities, this agreement may be considered unique and very significant. The purpose of the agreement is to promote and protect employees' interests optimally.



Signing the agreement: From the left, front: Ms Esta Knoetze (Vice-chairperson, UVPERSU), Mr Simon Khosana (Nehawu), Prof Johan Grobbelaar (Chairperson, UVPERSU), Ms Anita Lombard (CEO, UVPERSU); back: Mr Johannes Mazwi (Nehawu), Mr Ruben Gouws (Vice-chairperson, UVPERSU), Mr P Fourie (UVPERSU EM), Mr B Williams (UVPERSU EM), Mr Shadrack Shamane (Chairperson, Nehawu, UFS branch) and Ms Isabel Human (Public Relations, UVPERSU).

Roervink

Klein Roervinkie en die doolhof

Al die negatiewe dinge wat ek, Roervink, gewoonlik moet kwytraak, is somer baie sleg vir my karma. So soek ek toe ook bietjie kwaliteit-tyd met die kind wat hom andersins morsdood werk om by te hou met die swottings en die koshuisrugby en verder baie bekommerd is oor Siphosê die Plan sê hy wat wit klein Roervinkie is, gaan nie werk kry nie, al leer hy so mooi...

Dus onderneem ek en klein Roervinkie die ander dag 'n wandelinkie op ons pragtige kampus en besluit op die ingewing van die oomblik om by Ma se nuwe kantoor in die ou nuwe Hoofgebou, skuus, nuwe ou Hoofgebou te gaan inloer. Die stomme mens het mosonder om te weet waarvoor sy haar inlaat, aansoek gedoen vir een van die poste wat laas in dié rubriek geadverteer is en met dié dat sy volgens die Plan in 'n aangewese groep is, was sy suksesvol en reël sy nou dat lede van die topbestuur gereeld konferensies op eksotiese plekke bywoon.

Ag, lyk die Hoofgebou nie te pragtig nie (van buite, natuurlik!)? En was ons nie beïndruk deur die konsep van 'n praetoriaanse wag voor die ingang nie! Ma (en sy het "inside information") sê dis om die topbestuur teen onderdane wat aan vakbonde behoort, te beskerm. En natuurlik ook teen kliënte (studente) wat aan organisasies behoort.

Klein Roervinkie wou natuurlik dadelik weet waar die oulike sub A-foto van hom met sy haasbekkie is. Dit was laas nog op Ma se lessenaar. Maar dit was voor sy geweet het van die verbod op kiekies en ander persoonlike memorabilia. Sy probeer hom toe kalmeer deur sy aandag te vestig op die lieflike uitsig vanuit haar venster op die doolhof en met dié besluit hy (tipies student!), om die einste doolhof te gaan beproef! Sy



wou nog vertel van haar vriendin wie se venster uitkyk op die toegetraliede tuintjie met bankies waar die topbestuur "lunch"-tyd hulle "samies" kan eet, toe is Klein Roervinkie al buite by die doolhof-tralies.

Daar maak die kind toe 'n vreeslike fout, want in plaas van oorklim, probeer hy deurklim en daar sit sy kop in die tralies vas!! Hy skree so vreeslik benoud dat Ma hom hoor, opspring van agter haar lessenaar en al gillende aangehardloop kom. Met dié wat sy nog skree "my arme klein Roervinkie, mammi kom!!", haak haar polvy aan 'n klip vas en sy val haar nuwe uitverkoping-baadjie se elmboë en haar lycra sykouse aaklige gate in. So gaan sy toe maar hartverskeurend aan't huil. Gelukkig is ek aan die UV opgelei in krisibestuur en besluit om klein Roervinkie tussen die tralies te probeer uittrek.

Met die petalje in volle swang, kyk 'n kind wat op Varsity met haar Pa se 4 x 4 rondry, toe vir ons in plaas van waar sy ry en jaag bo-oor die sypaadjie in een van die luukse motors wat op die gras mag stop, vas! Oe, was dit vir jou 'n vreeslike ding! Ek, Ma en klein Roervinkie het so geskrik, ons het gelyk ophou praat en huil. Die verskrikte

meisiekind sit toe ewe verslae in die ghrënd 4 x 4, wat 'n vreeslike klomp skade aan die ander ghrënd kar veroorsaak het en skree: "Dis nie my skuld nie!! Vir wat kry hulle soveel geld dat hulle sulke duur karre kan ry en somer hier oorkant die Rindlsaal mag parkeer?!"

Gelukkig moes ons so lank wag vir die spietkops (hulle was alweer besig om 'n lorie wat by die Hoofhek vassit, te help), dat almal gekalmeer het en lekker begin gesels het. Die mooie dogter was toe prakties ook en het 'n bottel vaseline (vir krake in die "dash") in die 4x4 gehad waarmee ons klein Roervinkie se kop gesmeer het sodat hy kon loskom. Sy is toe al die tyd verlangs familie van Ma, daar van Onseepkans af. Sy moet die 4x4 ry vir die vreeslike toestand van die paaie by die huis en ook omdat hier so baie "bumps" in die paaie op kampus is. Gewone karre se skokbrekers hou nie. Die baas van die kar was ook nie te kwaad nie. Hy het dadelik die handelaar gebel en laat weet hy soek nog so een, die keer 'n rooie met 'n "sun roof".

Ai, dit was 'n vreeslike dag in ons lewens. Ma is met stresverlof vir die volgende paar weke. (Sy sê mens moet

(Roervink is 'n ou Nederlandse uitdrukking vir 'n persoon wat tot die irritasie en verleentheid van die owerhede sake uitkrap, openbaar maak en agiteer oor dinge wat hy meen reg is!)

(Roervink is satiries van aard en moet dieenooreenkomstig gelees word!)



Roervink

kan sê jy het stres, anders klink dit of die werk te maklik is.) Klein Roervinkie se professor het gesê hy moenie bekommerd wees nie, almal op kampus wonder wat gaan agter daai tralies aan. En toe begin die professor vreeslik te lag!

En ek? Ek lees nou liever die Irawa as ek wil ontspan. Dié kampus is nie vir kabouters nie!!

Groot Roervink en die ander doolhof

Ai, my ellendes kry ook nooit end nie! Is daar dan niemand in beheer op kampus wat kan rigting gee aan ons deurmekaar kampuslewens nie?


As die base nie eens weet watter kant toe nie, hoe moet ons arme klase weef? Ag natuurlik! Amper vergeet ek, ons is mos 'n universiteit in Afrika vir Afrika!!

Hou vas julle hoede, hier kom die Bult se volk, rigtingloos of te not!

Roervink en die "models"

So skrik Roervink hom boeglam toe hy die foto's van ons base in sport-hempies op die web sien. My eerste gedagte was natuurlik: wat gaan van ons word as 'n bekende agentskap soos Management Models Inc. hulle kontrakte aanbied om sporthempies vir Management Sports Illustrated te "model" en hulle los die Varsity vir meer geld?

'n Telefoonoproep na die agentskap se "headhunter" het my egter gerusgestel. Die UV se salaris en voordele is op hierdie stadium heelwat beter as die agentskap s'n en Bloemfontein se verkeer is ook heelwat rustiger as Pretoria s'n. 'n Oproep na die Hoofgebou het alle twyfel uit die weg geruim. Wie wil nou na Bloubul-land verhuis as jy in 'n wen-provinsie bly? Viva Cheetahs, Celtics, ons Lynx-meisies, die Dednams en die res van die Vrystaatse pluimbalspan!



(Roervink is 'n ou Nederlandse uitdrukking vir 'n persoon wat tot die irritasie en verleentheid van die owerhede sake uitkrap, openbaar maak en agiteer oor dinge wat hy meen reg is!)

(Roervink is satiries van aard en moet dienooreenkomstig gelees word!)

UVPERSU fokus op Kovesie-voorligting en -ontwikkeling

Deur Isabel Human

Kovesievoorligting en -ontwikkeling se geskiedenis strek sover terug as 1977. Prof Koos Venter, wat reeds met langverlof is en aan die einde van vanjaar aftree, was toe reeds as sielkundige betrokke by die diens. In 1988 volg hy dr Jan van der Westhuizen as direkteur op.

Gedurende hierdie tyd verander die diens se naam ook na Kovesievoorligting en -ontwikkeling. Prof Koos, soos hy op kampus bekend staan, is iemand wat werklik diep spore in Kovesies se geskiedenis getrap het. Beide personeel en studente het deur die jare gereeld aan sy deur geklop vir uitmuntende professionele ondersteuning.

Die groot leemte wat prof Koos se aftrede laat, word reeds in waarnemende hoedanigheid gevul deur 'n innemende en dinamiese dame, me Refiloe Seane, 'n senior sielkundige.

The following services are offered by Kovesie Counselling and Development (KCD):

- Monthly study courses
- Comprehensive individual study therapy
- Career counselling
- Information on courses
- Reading development




Agter van links: Refiloe Seane, Nikki Aboussalam (intern), Sunell Wiehman, Isna Bredenkamp, Thea Zwiegiers; voor van links: Charrisse Lowe (intern), Carlyn Lightfoot (intern).

All the above, as well as specialised psychological services, are free of charge for students. Besides academic problems, the four psychologists and the three intern psychologists are treating conditions such as depression, anxiety, and eating disorders with great success. Most students though don't experience severe psychological problems, but can benefit from personal development. Psycho-education trains students to develop their self-esteem, assertiveness, interpersonal skills and their emotional intelligence. Group therapy is a new service offered by KCD.

The reading laboratory has been in operation for almost 30 years. Students are invited to make use of this facility. Lecturers are encouraged to enrol their first-year students for study reading courses. The Reading Lab is equipped with 15 computers. Valuable information regarding the improvement of reading speed, comprehension skills and reading strategies are offered. Catrien Hattingh is the presenter of study reading courses.

Buiten al die bogenoemde funksies, help Earina Lötter, 'n loopbaanbeampte, met ondersteuning aan finalejaarstudente met die beroepstoetredingsproses deur onder andere behulpsaam te wees met die opstel van CV's. As 'n geregistreerde psigometris verskaf sy ook leiding aan intern-psigometriste van beide Sielkunde en Bedryfsielkunde. Vanaf 2004 is die ontwikkeling van 'n sisteem vir



Prof Koos Venter



Ms Refiloe Seane



Catrien Hattingh besig met die aanbieding van 'n studieleeskursus.

die toetsing van taalvaardigheid van eerstejaarstudente 'n groot prioriteit.

The Unit for Students with Disabilities (USD) also forms part of KCD. This unit aims to promote equality for students with disabilities and access to courses, buildings, learning material, residences, leisure and sports activities. Accessibility, however, does not only refer to physical accessibility, but also to how accessible the attitudes of staff members and fellow students are. The Unit therefore coordinates assistance to all relevant persons in the academic process and other aspects of student life, namely the disabled student, staff members and fellow students.

The *culture of learning* programme was established in 2001. The aim of the programme is to assist with the creation of a culture of learning on the campus of the University of the Free State. This service is monitored by KCD. It aims to find the best students, with relevant courses, knowledge and interpersonal skills to work with first-year students. These tutors provide a strong and much needed support system. The Vista and Qwaqwa campuses also provide this tutor service. All tutors report to the Culture of Learning Office.

Me Petro Herbst is die administratiewe beampte wat sorg dat alle reëlings in die departement vlot verloop.

Kovsievoorigting en -ontwikkeling is 'n instelling met 'n lang geskiedenis, maar het telkens daarin geslaag om 'n strategiese metamorfose te ondergaan en om kontemporêr te bly deur steeds die ondersteunende diens te lewer waarvoor hulle op die Bult bekend is.



Earina Lötter verleen hulp aan 'n intern-psigometris.



Personeel van die Eenheid vir Gestremdes saam met Ronelle Ceronio (heel regs).

Politieke transformasie aan die Universiteit van die Vrystaat

Deur prof André Duvenhage

In politieke transformasie het Suid-Afrika te make met die mees omvangryke poging in sy geskiedenis om die Suid-Afrikaanse samelewing polities fundamenteel en op 'n beplande wyse te verander. Die sentrale filosofie onderliggend aan die beplande veranderingsproses behels:

- die vestiging van demokratiese instellings wat op verteenwoordigendheid kan aanspraak maak;
- die bewerkstelling van 'n nie-rassige demokratiese bedeling;
- die inisiëring van vooruitstrewendheid, volhoubaarheid en ontwikkelingsgeoriënteerdheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse, maar ook die Pan-Afrikaanse samelewing (NEPAD); en
- die toepassing van omvattende "chirurgie" ... "to meet the mass revolutionary challenge", met as fokus sosiale en politieke ingenieurswese.

Die implementering hiervan onder leiding van die ANC is van toepassing op elke terrein van die samelewing, met inbegrip van onderwys en die universiteitswese.

Tans is daar baie groot druk op die universiteitswese (met inbegrip van die Universiteit van die Vrystaat) om aan bogenoemde makro-kriteria te voldoen. Die veranderingsproses van die Universiteit van die Vrystaat sedert die vroeë negentigerjare kan as versnelde ewolusie eerder as volwaardige transformasie beskryf word. Wat duidelik is, is dat die Universiteit van die Vrystaat in terme van progressiewe verandering reeds heelwat bereik het, maar dat die spreekwoordelike "hef aan" in terme van politieke transformasie (die eis afkomstig vanuit die politieke omgewing) steeds voorlê. Hierdie eis het implikasies vir alle komponente van die Universiteit van die Vrystaat (struktureel en andersins). Die suksesvolle implementering van transformasie (een van die moeilikste veranderingsmodusse om suksesvol te bestuur), sal onder meer deur die volgende sake bepaal word.

- Die suksesvolle bestuur van die Universiteit van die Vrystaat as 'n outonome akademiese instelling wat op voortreflikheid en gehalte-onderrig, navorsing en samelewingsdiens kan aanspraak maak. Teenvoeters moet gevind word vir die gevaar van politieke kloning, maar met verrekening van die transformasie-eis soos hierbo gestel.
- Die behoud en/of vestiging/uitbouing van 'n akademiese waardesisteem wat politieke ideale (afkomstig van transformasie) met 'n gesonde akademiese



Prof André Duvenhage is die Programdirekteur: Owerheidstaak en Politieke Transformasie. André is 'n gewilde spreker en leuer, afgesien van akademiese referate, ook gereeld bydraes oor die radio sowel as die televisie Hy bied ook gereeld seminare vir provinsiale regerings aan. Hy is 'n erkende kundige op die gebied van politieke transformasie en strategiese politieke bestuur en geniet besondere wye aansien in die gemeenskap. Hy is ook studieleier vir verskeie magister-studente.

waardesisteem kan harmonieer en komplementeer.

- Die bestuur van transformasie binne die raamwerk van ekonomiese volhoubaarheid. Groter finansiële outonomie van die staat moet 'n prioriteit wees wat nooit uit die oog verloor mag word nie. In die kennis-era waarin ons tans staan, is finansiële outonomie belangrik vir die post-industriële universiteit.
- Die behoud en ontwikkeling van kundigheid (binne die raamwerk van die transformasie-eis) om die Universiteit van die Vrystaat 'n toonaangewende en innoverende instelling te maak.

In samehang met bogenoemde bestuurs- en implementeringsvereistes eie aan transformasie, moet die Universiteit van die Vrystaat ook transformeer om die eise verbonde aan post-industrialisering en globalisering daadwerklik aan te spreek. Trouens, die wyse hoe die eksterne eis (post-industriële) en die interne eis (transformasie-gerig) wat soms (dikwels?) konflikterend kan wees, geharmonieer en gekomplimenteer kan word, gaan vorentoe bepaal of die Universiteit van die Vrystaat sy visie van 'n "uitnemende, billike en innoverende universiteit" kan uitleef. Akademiese en bestuursleierskap gaan in die opsig krities noodsaaklik wees.

UVPERSU se Qwaqwa-tak

UVPERSU se Qwaqwa-tak is stadig maar seker besig om van die grond af te kom. Die Qwaqwa-lede het gevind dat daar nie sonder 'n formele uitvoerende komitee gefunksioneer kan word nie. Die volgende komitee is gevolglik saamgestel: André van Zyl (sameroeper en skakel-persoon met UVPERSU se Bestuurs-komitee), Hennie Claassen, Charles Masondo, Stoffel Kok en Joseph Dumisi. Hierdie lede sal UVPERSU in komitees

op die Qwaqwa-kampus verteenwoordig. UVPERSU Qwaqwa het reeds onderhoude vir poste in Dierkunde, Geografie en Ondernemingsbestuur bygewoon en 'n UVPERSU-lid bygestaan in 'n dissiplinêre verhoor. UVPERSU se Uitvoerende Bestuur het onderneem om Qwaqwa vóór die einde van 2005 te besoek ten einde same-sprekings met Qwaqwa-lede te voer.

UFS academics from the Faculty of Law prominent in London



Prof Johan Henning and Prof Barry Rider at the formal dinner of the Pattenmakers in London in April 2005.

Prof Barry AK Rider (Professor Honorarius at the Faculty of Law of the University of the Free State) was elected Warden of the Worshipful Company of Pattenmakers in March 2005, after having served on the Court of the Company for eight years and having first been given the Freedom of the City of London and the Livery of the Company in 1983. The Company is one of the oldest guilds (City Livery Companies) of the City of London. It has a number of distinguished judges, government officials and businessmen among its ranks. Professor Johan Henning (Dean of the Faculty of Law at the University of the Free State) has been an honoured guest of the Company on many occasions and will be a guest at the Lord Mayor's Dinner in January 2006.

Kovsie Adult Education Centre



Frans Masisi: UVPERSU correspondent and educator at the centre.

Education is an inheritance! Education is the key to a bright future!

